



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

## FEBRUARIE/MAART 2013

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | | |
|---|---|---|---|
| AFDELING A: | LEESBEGRIP | (VRAAG 1) | (30) |
| AFDELING B: | OPSOMMING | (VRAAG 2) | (10) |
| AFDELING C: | TAAL | (VRAAG 3, 4 en 5) | (40) |

2. Lees ALLE instruksies baie goed.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin elke afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Trek ŉ streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat ŉ reël oop na ELKE antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

**TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die tydskrifartikel hieronder en beantwoord die vrae.

# Sport: Laat kinders kies!




[Uit: http://www.google.com]

1 Kinders se keuse van ŉ sportsoort en deelname aan sport is baie belangrik. Hierdie keuse is nie eenvoudig nie, want een kind se droomsport is dalk ŉ ander kind se nagmerrie. Dit is die rede hoekom ouers hulle kinders geleidelik aan verskillende sportsoorte moet bekendstel. Ouers wil graag hê dat hulle kinders op ŉ jong ouderdom aan sport begin deelneem, maar hulle is dikwels onseker oor hoe en wanneer hulle hul kinders moet help om ŉ sportsoort te kies. Die sport moet genotvol, veilig, maar nie te duur wees nie. Aan die begin van elke skooljaar is baie ouers dus in dieselfde bootjie wanneer dit by die keuse van ŉ sportsoort kom.

2 Johann en Magriet Meiring se oudste seun, Kobus (13), was in graad een toe sy ouers hom gedwing het om rugby te speel, want hy was in daardie stadium groot gebou en baie sterk. Johann en Magriet het gevoel rugby is ŉ gewilde sportsoort; daarom het hulle hom gemotiveer om rugby te begin speel. Hulle het gedink dit is ŉ sportsoort wat baie kinders ken en waarvan hulle hou.

3 Maar die ouers was verkeerd! Kobus kon nie byhou met die oefening nie en was altyd laaste met alles. Magriet het hom probeer motiveer, maar sy kon sien hy het nie genoeg talent gehad om ʼn goeie rugbyspeler te word nie.

4 Kobus is boonop deur ander kinders by die skool geboelie. Magriet het moeg geword vir dié geboelie. Volgens Magriet het hy die krag gehad, maar ʼn baie klein hartjie. Binne twee maande het Kobus besluit om nie meer rugby te speel nie.

5 Twee jaar later het Kobus ʼn interessante dokumentêre program oor karate op televisie gesien. Kobus het sy belangstelling in karate met sy ma bespreek. Sy kleiner boetie, André, het ook daarin begin belangstel. Kobus het selfs by die plaaslike bibiloteek boeke gaan uitneem oor dié sportsoort. Daarna het Magriet hom en André na ʼn karateskool toe geneem om meer oor dié sportsoort te gaan uitvind.

6 Die seuns het self besluit om karate te doen. Magriet het die duur, wit karatepakke gekoop en baie geld vir die afrigting betaal. Die uitgawes het haar nie gepla nie. Sy wou net hê haar kinders moes gelukkig wees. Toe het sy gesê as hulle ʼn ander sportsoort ontdek waarvan hulle meer hou, kon hulle weer verander.

7 Magriet besef nou dat dit die beste is om die kinders self die sportsoort te laat kies. Sy sê: "Kobus presteer goed omdat hy self besluit het wat hy wou doen." Vandag is Kobus baie in sy noppies met sy keuse. Hy het aan twee toernooie deelgeneem en hy het onlangs sy geel gordel gekry. Hy het ook ʼn klomp sertifikate en medaljes gewen. Volgende jaar wil hy ekstra karatelesse bywoon en later oorsee gaan kompeteer. Magriet is verbaas oor hoeveel selfvertroue Kobus gekry het. Hy wil selfs weer begin rugby speel.

8 André het aan dieselfde karatetoernooie as Kobus deelgeneem, maar hy het nie so goed presteer nie. Die trane het gerol toe hy in sy heel eerste geveg ʼn vuishou op die mond gekry het. Dit was moeilik vir Magriet om te staan en kyk hoe André seergekry het, maar dit was sý keuse om aan karate deel te neem. Sy het later besef dat hierdie ervaring hom uiteindelik gehelp het om dapper en sterk te word.

9 Magriet gee die volgende advies aan ouers:

- Laat kinders self ʼn sportsoort kies en vergeet wat jy as ouer in gedagte het.
- Moenie kinders forseer om aan ʼn spesifieke sportsoort deel te neem nie.
- Respekteer jou kinders se keuses.
- Aanvaar dat die een kind altyd beter as die ander een sal wees.
- Leer kinders dat wen nie alles is nie.
- Ondersteun en motiveer jou kinders ewe veel.

[Verwerk uit: *Huisgenoot,* 3 Februarie 2011]

1.1 Watter woord dui aan dat ouers nie altyd weet hoe om hulle kinders met hulle keuses te help nie? (Paragraaf 1) (1)

1.2 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord (A–D) neer.

"… is baie ouers … in dieselfde bootjie" (paragraaf 1) beteken dat ouers ...

A in dieselfde boot seil.
B in dieselfde situasie is.
C in dieselfde moeilikheid is.
D in dieselfde sport belangstel. (1)

1.3 Wat impliseer die skrywer met die woord "droomsport"? (Paragraaf 1) (1)

1.4 Gee TWEE redes waarom ŉ mens sou dink dat Kobus ŉ goeie rugbyspeler kon wees. (2)

1.5 Wat het Magriet laat besef dat Kobus nie ŉ goeie rugbyspeler was nie? Noem TWEE dinge. (2)

1.6 Hoe weet jy dat die kinders aggressief teenoor Kobus was? (1)

1.7 Volgens Magriet het hy die krag gehad, maar ŉ baie klein hartjie. (Paragraaf 4)

1.7.1 Word die woorde "klein hartjie" **letterlik** of **figuurlik** bedoel? (1)

1.7.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.7.1. (1)

1.8 Watter les het Magriet oor die keuse van ŉ kind se sportsoort geleer? (1)

1.9 Waar het Kobus se belangstelling in karate begin? (1)

1.10 Haal DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE uit paragraaf 7 aan wat sê dat Kobus nou baie gelukkig met sy sportsoort is. (1)

1.11 Hoe verskil André en Kobus se prestasies in karate? (2)

1.12 Hoe het Kobus se prestasies in karate met sy karakterontwikkeling gehelp? (1)

1.13 Watter positiewe gevolg het die vuishou wat André gekry het, vir hom gehad? (Paragraaf 8) (1)

1.14 Dink jy ŉ mens neem aan sport deel om te wen? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

1.15 Magriet glo nie daaraan om een kind voor te trek nie.

Haal ŉ SIN uit paragraaf 9 aan wat die stelling bewys. (1)

1.16 Waarom is die gebruik van die uitroepteken in die titel effektief? (1)

**TEKS B: VOORBLAD**

Bestudeer die tydskrifvoorblad hieronder en beantwoord die vrae.




[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 25 November 2010]

1.17 Die voorblad gee die leser 'n idee van die tydskrif se inhoud.

1.17.1 Watter artikel is die belangrikste in hierdie tydskrif? Skryf die titel van die artikel neer. (1)

1.17.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.17.1 met TWEE redes wat jy uit die voorblad afgelei het. (2)

1.18 Wat is die doel van die spesiale gids wat in hierdie tydskrif verskyn? (1)

1.19 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord (A–D) neer.

Uit Kate se gesigsuitdrukking lei ons af dat sy ... is.

A onseker
B gelukkig
C ongemaklik
D verwonderd (1)

1.20 Hoe oud was die kind wat vermoor is? (1)

1.21 Hoe weet ons dat dié tydskrif een van die beste tydskrifte is? (1)

1.22 Waarom, dink jy, word die opskrif van die artikel "Wie is regtig Inge se moordenaar?" in die vorm van 'n vraag gestel? (1)

1.23 Mense wat van **kompetisies** hou, sal ook hierdie tydskrif wil koop.

1.23.1 Watter artikel sal hulle aandag trek? Skryf die opskrif van die artikel neer. (1)

1.23.2 Waarom, dink jy, gebruik die skrywer 'n prentjie van die motor op die voorblad van die tydskrif? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2: HOE OM JOU AFRIKAANS TE VERBETER

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

**INSTRUKSIES**

1. Som die **maniere waarop jy jou Afrikaans kan verbeter** in SEWE sinne op.
2. Skryf die maniere PUNTSGEWYS neer.
3. Nommer die sinne van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

## HOE OM JOU AFRIKAANS TE VERBETER

1 Sukkel jy met Afrikaans? Daar is maniere waarop jy jou punte in Afrikaans kan verbeter! Een van die maniere waarop jy jou punte kan verbeter, is deur jou woordeskat uit te brei.

2 Kyk na Afrikaanse televisieprogramme. Daar is programme soos *7de Laan, MK89* en *Kwêla* op die *KykNET*-kanaal. As jy voel jy het nie genoeg tyd in die week nie, kan jy Sondae springmielies voor die televisie sit en eet en die *7de Laan*-omnibus geniet.

3 Luister na goeie Afrikaanse radioprogramme. As jy na die programme luister terwyl jy jou huiswerk doen, hoor jy Afrikaans. Op *Radio Sonder Grense* is daar goeie programme vir tieners. *Befonk* is ŉ spesiale radioprogram wat handel oor alles wat vir jongmense belangrik is.

4 Daar is baie Afrikaanse liedjies wat gewild is onder jongmense wie se moedertaal nie Afrikaans is nie. Luister na Afrikaanse musiek. As jy nie weet waar om te begin nie, kyk ŉ bietjie na *MK89* en luister na die radio.

5 Die meeste leerders gebruik ŉ woordeboek net wanneer hulle opstelle skryf. Gebruik woordeboeke ook as jy ŉ woord hoor wat jy nie ken nie. ŉ *Pharos Skoolwoordeboek* is goed, want dit sluit nuwe woorde in.

6 Ou eksamenvraestelle is ŉ waardevolle hulpmiddel. Werk dus die vorige vraestelle uit om uit jou foute te leer. Die foute wat jy byvoorbeeld in opstelle en taalkunde gemaak het, sal jou bewus maak van jou probleemareas en jy kan seker maak dat jy nie weer dieselfde foute begaan nie.

7 Het jy vriende wat goed in Afrikaans is? Gesels net in Afrikaans met jou vriende. Mag hierdie wenke jou help om jou Afrikaans te verbeter.

[Verwerk uit: http://www.holderstebolder.co.za]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

**TEKS D**

Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer. Daar is opsetlike taalfoute in die advertensie.

(3.1) **(Koop 'n woord!/Jy moet asseblief 'n woord koop.)**

***Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT)***

**Wil jy seker maak Afrikaans bly voortbestaan?**

**Koop 'n woord teen R100 per woord. Jy kan 'n ABSA-bank kontantprys van R25 000 wen.**

- **Die woord (3.3) wat jy vir betaal, sal die taal laat voortbestaan.**
- **(3.4) Al hierdie woorde verskyn in (die/dié) woordeboek.**
- **Jy (3.5) kry 'n mooi sertifikaat waarop die woord of woorde wat jy koop, groot sal verskyn.**



***"As TV-aanbieder wil ek*** **(3.6)** ***seker maak dat ek inspirasie uit ander bronne kry."***
***(3.7) Charlene Truter sê dat sy hierdie woordeboek verkies.***
***WAT sit woorde in ons monde.***
***KOOP ASSEBLIEF WOORDE!***
**Charlene Truter**

**Stuur 'n tjek saam met jou woord of woorde, adres en telefoonnommer na**
***WAT*** **Trust, Posbus 245, Stellenbosch,7600**
**(3.8) Sluitingsdatum: 30 Maart 2013**
***Volgende prystrekking: 30 April 2013**

(3.9) *Die wenner van die vorige prystrekking is meneer Basil Soldatos.

[Verwerk uit: *Rooi Rose*, 18 Oktober 2011]

3.1 Waarom is die opskrif "Koop 'n woord!" beter as die opskrif "Jy moet asseblief 'n woord koop."? (1)

3.2 Skryf 'n sin waarin jy verduidelik waarom die woord "jy" in plaas van "u" in hierdie advertensie gebruik word. (1)

3.3 Gee die KORREKTE VORM van die woorde tussen hakies. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Die woord (wat+vir) jy betaal, sal die taal laat voortbestaan. (1)

3.4 Hoekom is dit effektief om die woord "die" in die volgende sin te beklemtoon?

Al hierdie woorde verskyn in <u>dié</u> woordeboek. (1)

3.5 Kies die woord wat die korrekte SINONIEM vir die onderstreepte woord is. Skryf net die vraagnommer en die antwoord (A–D) neer.

Jy <u>kry</u> 'n mooi sertifikaat.

A wen
B koop
C maak
D ontvang (1)

3.6 Gee die INTENSIEWE/VERSTERKTE VORM van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

As TV-aanbieder wil ek <u>seker</u> maak dat ek inspirasie uit ander bronne kry. (1)

3.7 Skryf die sin in die DIREKTE REDE neer.

Charlene Truter sê dat sy hierdie woordeboek verkies. (2)

3.8 Skryf die onderstaande inligting uit die advertensie in 'n volsin neer.

Sluitingsdatum: 30 Maart 2013 (1)

3.9 Skryf die sin in die VERLEDE TYD neer.

Die wenner van die vorige prystrekking is meneer Soldatos.
Begin só: Die wenner ... (1)
**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

## TEKS E

Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.




[Uit: *Beeld*, Maart 2010]

4.1 Gee die VERKLEINING vir die onderstreepte woord in die volgende sin. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Hägar drink 'n <u>bier</u> terwyl sy vrou aantrek. (1)

4.2 Skryf die volgende sin in die INDIREKTE rede neer.

Helga vra vir Hägar: "Hou jy van die groen rok?" (2)

4.3 Kies die korrekte woord tussen hakies om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

In raampie 6 kan ons duidelik uit Helga se gesigsuitdrukking aflei dat sy (ontsteld/onseker/ontevrede) is. (1)

4.4 Skryf die sin in die TOEKOMENDE TYD neer.

Vrouens vat altyd lank om aan te trek. (1)

Kopiereg voorbehou 

4.5 Vul die korrekte VOORNAAMWOORD in om die sin korrek te voltooi. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Helga wil graag hê ... man moet dink dat sy mooi lyk. (1)

4.6 Kies die woord wat die volgende SPREEKWOORD korrek VOLTOOI. Skryf net die vraagnommer en die antwoord (A–D) neer.

As Hägar nog meer bier drink terwyl hy vir Helga wag, gaan hy hoog in die ... wees.

A takke
B blare
C bome
D wolke (1)

4.7 Maak ŉ sin met die woord <u>groen</u> (raampie 7). Gebruik die woord KONNOTATIEF. (1)

4.8 Kyk weer na raampie 8. Wie word hier deur Hägar gestereotipeer? (1)

4.9 Gee die MEERVOUD van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Hägar drink nie twee <u>beker</u> bier terwyl Helga aantrek nie. (1)
**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

**TEKS F: ARTIKEL**

Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer. Opsetlike taalfoute kom voor en woorde is uitgelaat.

## EKSAMENSTRES!

1 (5.1) Voel jy dat jou skoolwerk vir jou te veel raak Ons het dr. Melissa Kang gevra om raad te gee vir daardie dae wanneer die stres te veel raak.

2 **KYK NA JOU LIGGAAM**
(5.2) Eet gesond en doen gereeld oefening gedeurende die eksamentyd. (5.3) Melissa sê dat ŉ mens (5.4) sjokolade of koffie moet vermy.

3 **JY MOET GENOEG SLAAP KRY**
Dit help nie as jy tot in die vroeë oggendure studeer nie. (5.5) Jy moet genoeg slaap kry. “Probeer rustiger wees,” sê Melissa. “Moenie dink jy kan met (5.6) 14 uur se slaap ná jou laaste eksamenvraestel verlore slaap inhaal nie.”

4 (5.7) **JY MOET ʼN STUDIEROETINE ONTWIKKEL**
Melissa glo jy moet self die besluit (5.8) ... om ʼn studierooster op te stel. Jou vriend of (5.9) ... is ook altyd daar om jou te help. (5.10) Dalk verkies jy om elke dag ʼn bietjie te werk. Die werk raak nooit te veel nie. ʼn Goeie studieroetine (5.11) (lui/ly/lei) beslis tot minder stres.

5 **HOU KOP**
"Jy moet die tekens van moegheid herken," sê Melissa. "As jy ʼn bietjie moeg voel nadat jy te veel geleer het, kan jy (5.12) (gaan stap om die blok vinnig). Ontspan in ʼn warm bad met kerse en (5.13) rustig musiek."

[Verwerk uit *Huisgenoot*, 11 November 2011]

5.1 Skryf die sin oor en vul die korrekte LEESTEKEN in.

Voel jy dat jou skoolwerk vir jou te veel raak (1)

5.2 Verbeter die SPELFOUT in sin 1 van paragraaf 2. (1)

5.3 Skryf die sin oor in die DIREKTE REDE.

Melissa sê dat ʼn mens sjokolade of koffie moet vermy. (2)

5.4 Kyk na die verkorte woordeboekinskrywing. Skryf die woord in lettergrepe neer en onderstreep die lettergreep wat die klem dra.

**sjo·ko·la´de** s.nw. 1. (-s) Lekkergoed van kakao, suiker en kakaobotter berei: *ʼn Doos, reep sjokolade*. 2. Drank uit kakao berei: *ʼn Koppie sjokolade.*

[Uit: *HAT*, 5de uitgawe] (1)

5.5 Skryf die volgende sin in die INFINITIEF oor.

Jy moet genoeg slaap kry.

Begin só: Jy behoort ... (1)

5.6 Skryf die onderstreepte getal VOLUIT. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

"Moenie dink jy kan met <u>14</u> uur se slaap ná jou laaste eksamenvraestel verlore slaap inhaal nie." (1)

5.7 Skryf die sin oor in die LYDENDE/PASSIEWE vorm.

Jy moet ʼn studieroetine ontwikkel. (1)

5.8 Voltooi die volgende sin deur die WERKWOORD in te vul. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Melissa glo jy moet self die besluit ... om ʼn studierooster op te stel. (1)

5.9 Vul die TEENOORGESTELDE GESLAG van die onderstreepte woord in. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Jou <u>vriend</u> of ... is ook altyd daar om jou te help. (1)

5.10 Verbind die twee sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Dalk verkies jy om elke dag ŉ bietjie te werk. Die werk raak nooit te veel nie. (sodat) (1)

5.11 Kies die KORREKTE WOORD uit die woorde tussen hakies. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

ŉ Goeie studieroetine (lui/ly/lei) tot minder stres. (1)

5.12 Verbeter die WOORDORDE van die onderstreepte gedeelte in die volgende sin.

As jy ŉ bietjie moeg voel nadat jy te veel geleer het, kan jy <u>gaan stap om die blok vinnig</u>. (1)

5.13 Gee die KORREKTE VORM van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Ontspan in ŉ warm bad met kerse en <u>rustig</u> musiek. (1)
**[14]**

**TEKS G: PRENT**

Die taalvrae wat volg, is op die prent hieronder gebaseer.



[Uit: *Huisgenoot*, 3 Maart 2011]

5.14 Voltooi die volgende sin met die korrekte VOORSETSEL. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Pa staan ... sy dogters. (1)

Kopiereg voorbehou 

5.15 Vorm ŉ SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

In die prentjie lyk dit asof hulle ŉ goeie (gesin+lewe) het. (1)

5.16 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM.

Die meisie is tevrede met die boodskap wat sy gekry het. (1)

5.17 Kies die woorde wat die volgende sin KORREK voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord (A–D) neer.

Ma lyk onseker oor die moderne tegnologie terwyl Pa wys dat hy ...

A gemaklik voel.
B onrustig is.
C bekommerd raak.
D verveeld is. (1)

5.18 Gee die VERGROTENDE TRAP van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Die jonger meisie se hare is <u>donker</u> as haar suster se hare. (1)

5.19 Vorm ŉ DEELWOORD van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Die <u>glimlag</u> jong meisie het ŉ interessante sms ontvang. (1)
**[6]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou